# Afrika vir die nie-blanke

JOHANNESBURG.

ONDER 'n banier van „Afrika vir die nie-blankes van Kaap tot Kairo—van Marokko tot Madagaskar" het die ekstremistiese rebelle van die African National Congress, hulself Sondag as 'n onafhanklike Nasionale groep verklaar. By die geleentheid het hulle ook telegramme van goeie wens ontvan van die President van die Republiek van Guinea en van die Eerste Minister van Ghana, dr. Nkrumah.

Toe die vergaderng 'n aanvang geneem het is die gehoor gevra om op te staan ter ere van die martelaars wat in die Belgiese Kongo en Njassaland gestef het."

Toe hy die gehoor toegespreek het, het mnr. Robert Sobukwe lektor in Bantoe tale aan die Universiteit van Witwatersrand gesê: „Ware Demokrasie kan slegs in Suid-Afrika kom wanneer blanke baasskap vernietig is."—Sapa.

Robert Sobukwe Papers

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2010**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

## *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **A2618-Cp2-4-6**
*Document Title:-* **Suidwes Afrikaner: Afrika vir die nie-blanke (Translation: Africa for the non-whites)**
*Author:-* **Suidwes Afrikaner**
*Document Date:-* **7 April 1959**